

Nico van Gijsen: Wat jy kan doen aan jou skuld

24 netwerk24.com/sake/geldsake/nico-van-gijsen-wat-jy-kan-doen-aan-jou-skuld-20260807-1147

As ek 'n prekie moes afsteek vanoggend oor skuld, sou dit kort wees. Moenie.

Maar baie mense het skuld. Sommige hanteer dit goed. Ander nie so goed nie. Skuld kan 'n mens moedeloos en depressief maak.

Ek maak vandag 'n paar belangrike punte oor skuld. Hoe jy dit kan bestuur en hoe jy jouself daaruit kan kry.

Die koste van skuld

Om skuld te maak, iets op skuld te koop, is selde 'n oplossing vir 'n probleem. Jy skep 'n nuwe en groter probleem.

Dink, as jy reeds sukkel om die pot aan die kook te hou by die huis, hoe gaan jy volgende maand, die maand daarna en in die volgende jaar of drie ook skuld moet vereffen terwyl dieselfde pot aan die kook gehou moet word?

Jou skuld is nie die bedrag wat jy leen nie. Dis die leningsbedrag plus die rente daarop. Dit kan meer wees as die bedrag wat jy geleen het.

Die bedrag rente wat jy jaarliks betaal op jou agterstallige skuld, word beperk deur die Nasionale Kredietwet (34 van 2005), wat maksimum rentekoerse voorskryf. Dit verskil van die soort skuld wat jy aangaan.

Die maksimum rentekoerse is gekoppel aan die repokoers (tans 6,75% per jaar). Dit is die koers wat die Suid-Afrikaanse Reserwebank hef vir lenings aan die kommersiële banke.

Tans is die maksimum koers op huisverbandlenings ($6,75\% \times 2,2 + 5\%$) 19,85% per jaar. Omdat die mark so mededingend is, is die koers nader aan die prima uitleenkoers (10,25%), afhangend van jou kredietwaardigheid.

Die rente op ongesekureerde lenings en kredietkaartskuld kan tot 24,85% beloop.

Goed, nou die sommetjie.

Op 'n ongesekureerde lening van sê R5 000 oor 'n tydperk van sê drie jaar, teen 24,85% rente per jaar, kos dié R5 000-artikel jou in werklikheid in totaal R9 730,51. Die rente is byna net soveel soos die hoofskuld.

En jy boer agteruit.

Wat jy kan doen

As jy vind dat jou skuld jou neerslagtig maak, moenie tou opgooi nie. Dit kort net dissipline en die waarheid.

Dissipline om te doen wat nodig is. En die waarheid om te erken jy is die een verantwoordelik vir jou situasie en jy is die enigste een wat dit kan regstel.

Maak eers seker dat jy nie jou verpligtinge teenoor jou gesin op die altaar plaas nie. En daarmee bedoel ek ook polisse (lewens- en ongeskiktheidspolisse) wat moet sorg vir wanneer jy nie daar is nie.

Moet hulle nie afskeep vir jou sondes nie. As jy enigsins kan.

Kyk dan na:

• Rente

Kyk na waar jy die meeste rente betaal en probeer om dié stuk skuld vroeër af te los. Dis die duurste. Kry hom uit die pad uit.

Moenie vaskyk in die rentekoers alleen nie. Jou leningskontrak moet sê hoe die rente bereken word.

Waarna jy moet oplet, ook wanneer jy skuld aangaan, is om te kyk na wat die effektiewe rente is. Rente per jaar is nie net rente per jaar nie. Hoe dit bereken word, is baie belangrik.

Byvoorbeeld, 20% rente per jaar wat maandeliks bereken word, is effektief 21,94% per jaar en nie die 20% per jaar wat jy vertel word nie. Dit moet uiteengesit word in die kontrak. Lees dit.

• Skuld of spaar

As jy gelukkig genoeg is om darem nog maandeliks 'n los geldjie te hê om te kan spaar, is die vraag altyd moet ek spaar of moet ek skuld betaal. Die antwoord klink eenvoudig, maar dit is nie.

As jy meer groei op jou spaargeld kan kry as wat jy aan skuldrente betaal, spaar dan liever.

Maar moenie jouself in 'n kontantvloei-probleem in bestuur nie. Skuld-vry is lekker, maar as jy skielik geld nodig kry en daar is niks, kan skuld weer jou voorland wees.

Begroet, bestuur jou geld. Jou finansiële raadgewer sal daarmee kan help.

• Konsolideer

Sou jy regtig so baie skuld hê dat jy hande in die hare sit oor wie om te betaal en wie nie, kan jy probeer om al jou skuld te konsolideer.

Tel alles bymekaar en kyk of jy 'n persoonlike lening by die bank kan kry wat alles sal dek.

Ja, jy gaan 'n langer tyd moet afbetaal aan die skuld, maar dit sal minder per maand wees, wat jou onmiddellike kontantvloei 'n hupstoot sal gee.

Weer eens, kry hulp by jou finansiële raadgewer. Hy of sy kan die sommetjies doen en julle kan saam besluit oor die pad vorentoe.

Pasop om sommer skuld skielik te probeer aflos deur net die agterstallige bedrag te betaal. Daar kan nog rente bygevoeg word omdat jy 'n kontrak vir 'n bepaalde tyd het en rente oor dié tyd bereken word.

Laat weet eers die instelling jy wil jou skuld aflos en vra die aflosbedrag. Betaal dit en jy is klaar.

• Skuldberading

Dan is daar natuurlik skuldberading. Maar as jy dié pad stap, sal ek sê jy moet sommer ook sielkundige hulp kry. Jy het dit beslis nodig as jy so diep in die skuld is.

Die skuldberader sal 'n ooreenkoms aangaan met al die instellings waar jy skuld het en so lank as wat jy jou daarby hou, sal jou skuld stelselmatig minder word.

Moet dan nie weer skuld aangaan nie. Skuld is een van daardie kwale waaroor jy volle beheer het.

Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.

[Wys Kommentaar \(9\)](#)